


DONKERLIG
DARKLIGHT

## KKNK

Almal praat van die KKNK.   Selfs my ouma was al een jaar daar
Sy se dit was 'n fees gewees  Hierdie jaar hierdie jaar gaan ek dit self beleef

Ek pak al my T-shirts in, een paar skoene en my  favourite jeans
My pal maak die Volla vol petrol en pak die agterseats propvol
Soengroet almal op die plaas spin daar weg met 'n groot geraas
Die buurtannie wat oor haar tuinhekkie hang vra kammakastig heel verbaas:

"Waar gaan julle nou heen?
Ek se: "tannie, ek het mos al vir tannie gese ons gaan na die KKNK toe"
Sy se: "oooh my kind julle moet versigtig wees, tannie hoor die mense kuier verskriklik daar!"

Hiep Hiep Hoera  Almal kuier lekker saam by vanjaar se KKNK
Hiep Hiep Hoera  Selfs my vriend wat hakkel skree
Dis lekker by die K.k.k.k.k KKNK
Hiep Hiep Hoera Nounet soos elke jaar kuier ons by die KKNK

Ons slaan ons Tente op, steek die vuur op en skink iets wat skop
Die lekkerste plek in die land is vanaand Oudshoorn se Tentedorp
En dan gaan kyk ons shows tot die plekke hulle deure sluit
En lank na middernag stroom stringe straight ouens by "Kobus se Gat" uit

Hiep Hiep Hoera  Almal kuier lekker saam by vanjaar se KKNK
Hiep Hiep Hoera  Selfs my vriend wat hakkel skree
Dis lekker by die K.k.k.k.k KKNK
Hiep Hiep Hoera Nounet soos elke jaar kuier ons by die KKNK

En net een oggend vroeg het ek na my lewe op die plaas verlang
In my geestesoog sien ek  nog, die buurtannie wat oor haar tuinhekkie hang…

Kontak ons op **Facebook** of e-mail **jacblancband@gmail.com** of besoek **www.jacblanc.co.za** Kontak Darryl de Lange: **darryl@musicology.co.za**